kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 188:2,3

O God, so ryk en goed,
gee ons solank ons lewe
altyd 'n blye hart;
as dit u wil is: vrede.
Laat u genade ons
beveilig teen gevaar,
in donker ure ons
van struikeling bewaar.

Lof, eer sing ons voor God,
die bron van alle lewe –
die Vader, Seun en Gees,
almagtig en verhewe.
Drie-enig God, ons roem
u krag en majesteit.
O Heer, ons wil U noem:
ons God in ewigheid!

Woorddiens

Tema: "Wat is ons wortels?"

Skriflesing: Filippense 1:1-18 (1953)

1 PAULUS en Timótheüs, diensknegte van Jesus Christus, aan
al die heiliges in Christus Jesus wat in Filíppi is, saam met die
opsieners en diakens:
2 Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die Here
Jesus Christus!
3 EK dank my God elke maal as ek aan julle dink —
4 en ek bid altyd in al my gebede vir julle almal met blydskap —
5 oor julle gemeenskap aan die evangelie van die eerste dag af
tot nou toe,
6 omdat ek juis hierop vertrou, dat Hy wat 'n goeie werk in julle
begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus;
7 soos dit vir my reg is om dit van julle almal te dink, omdat ek
julle in my hart dra, aangesien julle almal in my boeie sowel as
in die verdediging en bevestiging van die evangelie my
deelgenote in die genade is.
8 Want God is my getuie hoe ek na julle almal verlang met die
innige tederheid van Jesus Christus.
9 En dit bid ek dat julle liefde nog meer en meer oorvloedig mag
word in kennis en alle ervaring,
10 om die dinge waar dit op aankom, te onderskei, sodat julle
rein en vir niemand 'n aanstoot mag wees nie, tot op die dag
van Christus,
11 vervul met die vrug van geregtigheid wat daar is deur Jesus
Christus tot heerlikheid en lof van God.
12 En ek wil hê dat julle moet weet, broeders, dat wat my
wedervaar het, eerder op bevordering van die evangelie
uitgeloop het,
13 sodat my boeie openbaar geword het in Christus onder die
hele keiserlike lyfwag en by al die ander,
14 en die meeste van die broeders wat in die Here deur my boeie
vertroue gekry het, dit des te meer waag om die woord
onbevrees te spreek.
15 Sommige preek Christus wel ook uit afguns en twis, maar
ander ook uit welwillendheid:
16 die eerste verkondig Christus uit naywer, nie met suiwer
bedoelinge nie, met die mening om aan my boeie verdrukking
toe te voeg;
17 maar die ander uit liefde, omdat hulle weet dat ek bestem is
tot die verdediging van die evangelie.
18 Maar wat maak dit? In alle geval, op allerlei wyse, of dit
onder 'n skyn of in waarheid is, word Christus verkondig; en
hierin verbly ek my en sal ek my ook verbly.

Broodjies vir die pad

"To be rooted is perhaps the most important and least recognized need of the human soul."

— Simone Weil

He who has not God in himself cannot feel His absence."

— Simone Weil, Gravity and Grace

◆◆◆

Simone Weil was a French philosopher, Christian mystic, and social activist. Weil was born in Paris to Alsatian agnostic Jewish parents who fled the annexation of Alsace-Lorraine to Germany. Her brilliance, ascetic lifestyle, introversion, and eccentricity limited her ability to mix with others, but not to teach and participate in political movements of her time. She wrote extensively with both insight and breadth about political movements of which she was a part and later about spiritual mysticism. Weil biographer Gabriella Fiori writes that Weil was "a moral genius in the orbit of ethics, a genius of immense revolutionary range".

http://www.goodreads.com/author/show/18395.Simone_Weil

◆◆◆

The Need for Roots: Prelude to a Declaration of Duties Towards Mankind
by Simone Weil, T.S. Eliot (Introduction)

Hailed by Andre Gide as the patron saint of all outsiders, Simone Weil's short life was ample testimony to her beliefs. In 1942 she fled France along with her family, going firstly to America. She then moved back to London in order to work with de Gaulle. Published posthumously *The Need for Roots* was a direct result of this collaboration. Its purpose was to help rebuild France after the war. In this, her most famous book, Weil reflects on the importance of religious and political social structures in the life of the individual. She wrote that one of the basic obligations we have as human beings is to not let another suffer from hunger. Equally as important, however, is our duty towards our community: we may have declared various human rights, but we have overlooked the obligations and this has left us self-righteous and rootless. She could easily have been issuing a direct warning to us today, the citizens of Century 21.

http://www.goodreads.com/book/show/141420.The_Need_for_Roots

Herfs kom nou so gou in ons verhoudings

Ivor Price

Ons staan ademloos in die reën in die middel van Langstraat, Kaapstad. Elke nou en dan probeer ’n ongeduldige metertaxibestuurder ons met sy toeter wegblaas, maar ons is min gespin. Vir ’n oomblik – vir hierdie oomblik – is dit net die twee van ons.

Die taxi’s se toet-toet-toet klink naderhand ver in die agtergrond, al is dit hier vlak by ons voete. Ons staan op die middelmannetjie, moontlik voor die einde van nog ’n seisoen in ons lewe. Maar die einde van herfs beteken nie dat daar nie weer ’n lente sal wees nie, of hoe?

Later, toe ons tot verhaal kom, gaan sit ons in ’n nabygeleë koffiewinkel. Van die ander kliënte lyk asof hulle al ’n paar biere agter die blad het. Hul stemme is verhef. Uitbundig. Hulle lyk gelukkiger as die twee van ons. Miskien steek hulle net hul bekommernisse goed weg.

“Kan dit al 12:00 wees?” sê ek.

Kyk, daar gaan die Boeing.

Toe die kelner oplaas ons koffie bring, skraap ons die moed bymekaar om te begin praat. Nie oor die dinge wat eintlik gesê behoort te word nie, maar genoeg om die vuur aan die brand te hou.

Wat is dit met dié verdomde weer in die Kaap? Hoe laat moet ons ry om betyds by die lughawe te wees? Het jy gesien dit lyk of Tafelberg na sy asem snak in die reën?

Op die lughawe hou ons van die paartjies dop wat ook op hul onderskeie vlugte wag. Van hulle vlieg in tandem, moeiteloos soos mense wat al dekades lank saans saam in die bed klim. Hulle voltooi mekaar se sinne. Hulle lag. Dit lyk of hulle 30, 40 jaar saam is en steeds nie uitgekuier is met mekaar nie.

Ander – ooglopend dié wat jonger is, van my geslag – lyk of hulle sukkel om in mekaar se teenwoordigheid asem te haal. Dit is duidelik dat hulle mekaar eerder verdra as dra. Hulle lyk geïrriteerd, so asof hulle eintlik heimlik wens dat hulle seblief tog net nie langs mekaar op dieselfde vliegtuig moet opeindig nie.

Later wonder ons hoekom veral jonger paartjies deesdae so gou die “delete”-knoppie op mekaar druk? Is die liefde dan nie meer veronderstel om harde bene te kou nie? Wat het geword van die liefde wat veronderstel is om sewe sakke sout saam op te eet?

Ons dink aan al die mense in ons binnekring wat die laaste tyd besluit het genoeg is genoeg – om nie eens te praat van die onlangs getroudes wat al klaar van skei begin praat nie. Van hulle betaal nog aan die trouskuld dan is hulle reeds besig om die besittings te verdeel.

Hulle spring van die een verhouding na die ander – soos selfoonkontrakte wat elke paar maande opgegradeer moet word. Die een groot verskil is dat ’n mens nooit regtig iets beters gewaarborg is nie.

Ons haastige lewenstyl weerspieël toenemend in ons verhoudings – en ons is bang. Bang vir alleenwees, maar selfs banger vir absolute toewyding.

http://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/herfs-kom-nou-so-gou-in-ons-verhoudings-20170504

◆◆◆

“Ignorance, the root and stem of every evil.”

— Plato

Brood vir die pad

Is ons dalk wat ons is vanweë ons wortels?

DJS

Om gewortel te wees is dalk die grootste behoefte van die mens se siel, maar óók die een wat ons die moeilikste raaksien, herken, erken – en kan beskryf. Só sê die gevierde Franse aktivis en mistikus Simone Weil destyds in haar *The Need for Roots.* Ons wortels is tegelyk geografies én geestelik.

Hulle is geografies, want hulle kom met ons plekke – ons oorspronge; gemeenskappe waarin ons onsself ontdek het; gebruike en gewoontes waarmee ons grootgeword het; tale wat ons daar gepraat het; dié plekke se kulture en praktyke; strate, geboue, plante, omgewings – en die gevoelens deur hulle by ons gewek; dae, môres, aande, somersdae, reënbuie, ons eerste kennismaak met áárdsheid; die kleure, geure, geluide, stemminge wat ons bybly; oomblikke, maaltye, gesellighede, vriendskappe, verhoudinge wat ons help vorm het; kortom, ons eie ruimtes en tye.

Maar hulle is ook geestelik, want hulle kom met die waardes wat dié plekke in ons laat posvat het – die soort lewe wat daar afgespeel het; met ons herinneringe én met vele wat ons lank reeds vergeet het, maar wat nog aan ons kleef en binne-in ons agterbly en steeds in ons woon; sieninge, indrukke, emosies, assosiasies van mooi en aangenaam, goed en reg, behoorlik en belangrik en heilig; met morele oortuigings wat lewe daar moontlik gemaak het; kortom, met vele kosbare skatte uit die verlede.

Ander praat van ons tuiste, van *home*, soos die Pulitzerpryswenner Marilynne Robinson skryf in haar *Home*. Nie dat ons vir altyd daar bly nie, sê sy, inteendeel, *all of them call it home, but they never stay*. Dog dié tuistes, dié plekke, dié ruimtes bly wel by óns, ín ons, ís ons, as ons wortels. Ons is wie ons is danksy hulle en kan hulle nie ontgroei nie – ook al sien ons hulle nie meer raak, herken en erken hulle nie meer, waardeer hulle nie en skaam ons selfs vir hulle, hulle is steeds óns.

Geografies mag ons dalk lank weg wees, maar geestelik bly ons in hulle gewortel.

Maar nou ja, vyf eeue v.C. leer Heraklitus van Efese al dat ons nooit kan terugkeer na *home* nie (want dis nooit meer presies dieselfde plek nie), dat niemand ooit twee maal in dieselfde rivier swem nie (want dis nooit weer dieselfde water nie), dat alles vloei, verander, aanbeweeg, voortgaan.

Dis ’n weemoedige wete, g’n wonder hulle sou hom “die wenende filosoof” noem nie. Dis immers letterlik wat “heimwee” beteken, ons vae verlange na tuistes wat nie meer is nie? Die onrustige hunkering na vroeër, na wortels wat nie meer bestaan nie? Behalwe nog ín ons?

http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/is-ons-dalk-wat-ons-is-vanwee-ons-wortels-20170512

◆◆◆

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877